**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A332/2003

In die appèl tussen:

| | |
|---|---|
| **SHAWN GIBSON** | APPELLANT |
| en | |
| **DIE STAAT** | RESPONDENT |

---

**CORAM:** BECKLEY R et EBRAHIM R

---

**AANGEHOOR OP:** 13 SEPTEMBER 2004

---

**UITSPRAAK:** BECKLEY R

---

**GELEWER OP:** 4 NOVEMBER 2004

---

Appellant is in die streekhof skuldig bevind aan diefstal van kontant ten bedrae van R44 745,99 en is gevonnis tot ses jaar gevangenisstraf waarvan een jaar opgeskort is op sekere voorwaardes vir 'n periode van vier jaar. Hy kom nou in hoër

beroep teen die opgelegde vonnis.

Mnr Nel, namens die appellant, se betoog is dat die hof *a quo* fouteer het deur te bevind dat korrektiewe dienste of 'n opgeskorte vonnis slegs opgelê behoort te word indien daar uitsonderlike en buitengewone omstandighede teenwoordig is. Na my mening het die Hof *a quo* in hierdie opsig 'n mistasting begaan. Uitsonderlike of buitengewone omstandighede is nie 'n voorvereiste voordat korrektiewe toesig of 'n algehele opgeskorte vonnis oorweeg word nie. In die lig van voormelde mistasting, is hierdie Hof nou by magte om die vonnis ter syde te stel en opnuut vonnis te oorweeg.

Dit is nie 'n geskil dat die appellant 25 jaar oud is, en 'n eerste oortreder is en dat hy skuldig gepleit het nie. Hy het ook te kenne gegee dat hy bereid is om die bedrag aan die klaer terug te betaal. Voor vonnisoplegging het die appellant getuig dat hy intussen 'n betrekking bekom het waar hy R5 000,00 per maand verdien en dat hy R2 000,00 per maand aan die klaer kan betaal. Daarbenewens was sy getuienis (en ook die getuienis van sy vriendin se vader) dat 'n bedrag van R25 000,00 beskikbaar is om

onmiddellik aan die klaer betaal te word. Uiteraard sal die appellant die bedrag van R25 000,00 aan die vader van sy vriendin moet terugbetaal.

Dit is geykte reg dat ‘n eerste oortreder, indien moontlik, uit die gevangenis gehou behoort te word. ‘n Verdere kompliserende faktor in die onderhawige saak is dat, indien die appellant gevangenisstraf moet ondergaan, die aanbod van sy vriendin se vader uiteraard sal verval en sal dit tot gevolg hê dat die klaer sekere geregtelike stappe sal moet neem ten einde die bedrag wat hy skade gely het, van die appellant te verhaal.

Inaggenome al die omstandighede van die onderhawige saak, meen ek dat ‘n opgeskorte vonnis inderdaad van pas is, sonder dat daar ‘n risiko bestaan dat sodanige vonnis bestempel kan word as buitensporig lig en derhalwe as ‘n uitnodiging dien aan persone om geld van hul werkgewer te steel sonder om na die gevangenis te gaan. Sodanige boodskap is allermins die een wat hierdie Hof wil uitstuur.

Bygevolg slaag die appèl teen die opgelegde vonnis. Die vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:

Beskuldigde word gevonnis tot vier jaar gevangenisstraf wat opgeskort word in die geheel vir 'n periode van vier jaar op die volgende voorwaardes:

(a) Dat die beskuldigde die bedrag van R44 745,99 aan die klaer, National Brands, betaal en wel as volg:

Die bedrag van R25 000,00 op of voor 1 Desember 2004 en, daarna, die balans van R19 745,99 in maandelikse paaiemente van R2 000,00 – die eerste sodanige betaling gemaak te word op of voor 1 Januarie 2005 en die daaropvolgende betalings op of voor die 1ste van elke daaropvolgende maand;

(b) Dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal of poging tot diefstal gepleeg gedurende die opgeskorte periode nie.

**A.P. BECKLEY, R**

Ek stem saam.

**S. EBRAHIM, R**

Namens appellant: Advokaat J. Nel
In opdrag van:
Sonette Oosthuizen Prokureur
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

Namens respondent: Advokaat M. Strauss
In opdrag van:
Die Direkteur van Openbare
Vervolging
BLOEMFONTEIN

/S Pieterse